Pasiënt naam:	Datum:	Oudioloog :
	Interval:	

Spraak Ruimtelike Eienskappe van Gehoor Vraelys - 12

Die volgende vrae ondersoek aspekte van jou vermoë en ondervinding om te hoor en te luister in verskillende situasies in jou daaglikse luisteromgewing.
By elke vraag, maak 'n merkie, soos 'n kruisie (X), op enige plek op die skaal wat aangedui word van 0 tot by 10. Indien jy 'n merkie by 10 maak, beteken dit dat jy volkome in staat is om dit te doen of te ervaar wat beskrywe word in die vraag. Deur 'n merkie te maak by 0 beteken dit dat jy glad nie in staat sal wees om te doen of te ervaar wat in die vraag beskrywe word nie.

As 'n voorbeeld, stel vraag 1 'n vraag oor om 'n gesprek te hê terwyl die TV aan is op dieselfde tyd. Indien jy heeltemaal in staat is om dit te doen maak dan 'n merkie aan die regterkant van die skaal by nommer 10. Indien jy omtrent die helfte van die gesprek kan volg in hierdie situasie, plaas 'n merkie in die middel by 5, en so aan.

Ons verwag dat al die vrae van toepassing is in jou alledaagse ondervinding, maar indien 'n vraag 'n situasie beskryf wat nie van toepassing is nie, plaas 'n kruisie in die "nie van toepassing" (NVT) blokkie. Skryf asselbief ook 'n nota langs daardie vraag wat verduidelik hoekom dit nie van toepassing is nie, in jou geval.

Vraag	Skaal
1. Jy praat met een ander persoon en daar is 'n TV aan in dieselfde kamer. Kan jy volg wat die persoon sê sonder om die TV sagter te maak?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
2. Jy luister na iemand wat met jou praat, terwyl jy dieselfde tyd probeer om die nuus op TV te volg. Kan jy volg wat beide persone sê?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
3. Jy is in gesprek met een persoon in 'n kamer waar daar baie ander mense praat. Kan jy volg wat die persoon sê waarmee jy praat?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek

4. Jy is ‘n groep van omtrent vyf mense in ‘n besige restaurant. Jy kan elkeen in die groep sien. Kan jy die gesprek volg?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
5. Jy is by ‘n groep mense en die gesprek wissel van een persoon na die ander. Kan jy die gesprek maklik volg sonder om die begin te mis van wat elke nuwe spreker sê?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
6. Jy is buite. ‘n Hond blaf hard. Kan jy dadelik sê waar dit is, sonder om te moet kyk?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
7. Kan jy sê hoe vêr weg ‘n bus of ‘n vragmotor is deur na die klank te luister?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
8. Kan jy vanuit die klank sê of ‘n bus of ‘n vragmotor na jou of weg van jou af beweeg?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
9. Wanneer jy meer as een klank op ‘n slag hoor, het jy die indruk dat dit soos ‘n enkele deurmekaar klank klink?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
10. Wanneer jy na musiek luister, kan jy uitmaak watter instrumente speel?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
11. Is alledaagse klanke wat jy maklik kan hoor duidelik (nie dof nie) vir jou?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Glad nie Perfek
12. Moet jy baie hard konsentreer wanneer jy na iemand of iets luister?	○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○○ ☐ 0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 NVT Konsentreer baie hard Hoef nie te konsentreer nie